# JUNIE nuus hoogtepunte

# Hey! Brokkies Nuus Junie 2014

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Junie** was baie bedrywig..lees gerus:

## 1. Gebedsweek by Somerset-Wes primêr van 17 tot 20 Junie



Wonderlik om te sien: Groepe wat spontaan saam kom bid het ♥




Die Kuns en kultuur sentrum is omskep in "boiler room" en die leerlinge kon kom bid en versoeke neerskryf. Die vergifnis stasies waar naam in sand geskryf kon word van persoon wie jy moes vergewe was baie besig en ons weet dis wat die Here van ons verlang : **Kolossense 3:13 "...vergewe mekaar soos die Here julle vergewe het"** Weereens het ons soveel seën ervaar deur hier te kon bedien! Dankie Linda vir al jou hulp!



Linda by van die getroue bidders by Somerset-Wes primer

**2. Kinders maak 'n keuse vir Jesus** **Ons kan net aan God die eer gee dat baie kinders wie HEY! bedien in Junie oorgawes gemaak het of by hernuwing hul lewens aan Here "commit" het! Ons bid vir elkeen-Fil 3:13b "..ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus"**

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste**

**3.Beaumont "jersey drive"** **HEY! Vat graag hande met skole.** Die **gr6 "Sout van die Aarde"** les oor Trevor Ferrel wie na die haweloses uitgereik het was die motivering agter die insameling van komberse en klere by Beaumont se gr6'e. Nancy het pizza partytjie geborg vir wen klas en foto wys van die sakke wat ingesamel is vir die "jersey drive". Ware leiers maak 'n verskil gee om



Beaumont gr6 : Mev Seele se klas se 63kg sakke vol klere en warm goed vir Jesrsey Drive word geweeg WOW!!

**4. Jesus film vir kinders** is deur **Jannie Marais** aan **Beaumont se gr4's** gewys. Om visueel in Jesus se voetspore te kon stap was baie spesiaal en om te kon sien hoe die kinders hulself kon inleef besonders! Ons waardeer dit, Jannie!

**5. Kwartaal afsluiting by Weber Gedenk skool** . Ek was gevra om die boodskap waar te neem by hierdie skool in Jamestown en was aangenaam verras met hierdie pragtige skool en kinders! Die liefde vir die Here kon sommer aangevoel word. Die boodskap oor die "onderstebo dorp" is deur almal geniet. **Almal wil die gewigtebelt van sonde afgooi!!**

Besoek ons www.hey.org.za **en** https://www.facebook.com/HopeExplosionYouthMinistries



Weber Gedenk skool se pragtige kinders



Jannie Marais wys die Jesus film by Beaumont